LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

29-08-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 29 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 ***LENTE PIEKNIEK:***

Ons hou Vrydag, 2 September Lentedag! Leerders kan R5 inbetaal by die registeronderwysers, gewone klere aantrek en 'n piekniekmandjie saambring. LET WEL: Die snoepie het Donderdag Pizza vir R10 en sal gesluit wees vir Vrydag, 2 September a.g.v. die Varkfees.

Onthou ons verdaag almal 12:00 op Vrydag.

Daar is wel toesig vir die leerders wie se ouers nie 'n reëling kan tref nie. Naskool is soos normaal.

2 **KOEKVERKOPING**:
Bring 'n geldjie saam vir Donderdag, 8 September se Graad 7 koekverkoping.

3 **SKAAK:**
Juniors - Geen oefening vandag (volg week Maandag 5 Sept Gr 2 & 3) (12 Sept Gr 1 & 3)
Seniors - Woensdag 15:00 - 16:00
Finale Gauteng Liga vind plaas op Vrydag, 9de September te Universiteit van Pretoria se Mamelodi Kampus. Daar sal Woensdag middag reëlings deurgegee word asook briewe aan alle spelers uitgedeel word.

4 **LANDLOOP**:
- Baie geluk aan die atlete wat die D7 span gehaal het: Tiané Steyn, Wiepke Schoeman, Danielle Verwoerd en Roux-Ché Roux.
- Baie sterkte vir Saterdag, 3 September 2016 waar hulle aan die Gauteng Kampioenskappe gaan deelneem te Alberton.

5 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**
Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

6 **VARKFEES:**
LIEWE HEKSIE VERTONING:
- Leerders moet asb hulle kaartjies en vrywaringsvorms onthou vir Donderdag, 1 September!!
- Ouers, neem kennis dat die Hoërskool personeel die leerders wat bus ry kom uitteken om 09:00 en hulle sal die leerders weer terug teken ± 12:00 of direk na die vertoning.
- Leerders kan vanaf 09:00 by die Ontvangskantoor deur hulle eie ouers uitgeteken word!

7 **MINI-HOKKIE:**
Ons speel 1 September ons laaste mini-hokkie wedstryde by Arconpark. Al die kinders kan 13:00 by Kardoesie afgehaal word.

8 **HOKKIE**:
- Die 1ste en 2de dogtersspanne speel Dinsdag, 30 Augustus 2016 teen Vryheidsmonument by Dick Fourie. Die bussie vertrek om 13:15.
- Baie geluk aan die seuns van gekies is vir die D7 hokkiespan 2017: Nihann Botha, Jandré Meyer, Ruben Olivier, Ruben Oosthuizen en Ethan Herbst.

9 **SKOOLKLEREDRAG**:
Ons begin op 1 September, somersdrag dra. U kan in die leerders se huiswerkboekie presies sien wat die reëls rondom somersdrag is.

10 **VOLKIE VERE:**
Volkie Vere sal gesluit wees op Donderdag en Vrydag, 1 en 2 September. Jammer vir die ongerief.

11 **KLEREBANK**:
Juf Estie Kruger hanteer die verlore klere en die klerebank. Ons versoek asb dat ouers vir ons te klein somersklere, veral rokke sal stuur. Baie dankie vir u hulp daarmee!

12 **KANTOOR VERANDERINGS EN TELEFOONUITBREIDINGS**

Chrissie Maré	- Ontvangs x 1
Chrisna Meyer	- Finansies x 2
Heléne Botha	- Bemarking en Volkie Vere Klerewinkel x 3 of 0832852481
Gerna Fourie	- Sekretaresse x 4
Juf Estie Kruger	- Klerebank en Hartklop projek

13 **ADVERTENSIE VAN ONDERWYSPOS 2017:**
Graad 4 - alle vakke en Graad 5 - Engels. Aansoeker moet bevoegdhede meld. Sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag, 9 September. CV's moet gerig word aan Mnr Piet Strydom by hoof@laervolkskool.co.za. Navrae vir Mev Sanet Strydom, 0163416216.

14 **GRAAD 1 - 2017:**
Op Woensdag, 14 September 2016 hou ons 'n Graad 1 - 2017 Inligtingsaand om 18:00 in die skoolsaal.

15 **INSKRYWINGS VIR GRAAD RR EN R - 2017:**
Ouers kan reeds bogenoemde maatjies kom inskryf vir 2017. Inskrywingsvorms is op die webblad (www.laervolkskool.co.za - onder ouergids, volkie admin, toelatingsvorms) of by die skool se Ontvangs beskikbaar. U kan die vorms terug e-pos na admin@laervolkskool.co.za. U sal in kennis gestel word van die Opedag.

16 **HOOGS EFFEKTIEWE STUDIE EN EKSAMEN TEGNIEK KURSUS VIR GR 4-7:**
Dr Emsie Rheeders bied op 7 September 'n werkswinkel aan by Laerskool AG Visser vanaf 14:15 tot 17:00. Die koste beloop R200 en leerders moet dit betaal by die ingang van die klas op 7 September. Hierdie kursus gaan u kind toerus met die nodige vaardighede om van graad 4-7 'n sukses te maak! Ouers is welkom om gratis saam met hul kind by te woon.

Ouers wat belangstel, kan die nodige inligting by Gerna Fourie laat afhaal. Getalle van hoeveel leerders die werkswinkel wil bywoon moet voor of op 1 September laat weet word.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF